# GELOFTE SKOOL

# LOFFIENUUS

Nuusbrief 05/2026

Waarde vir die kwartaal: **DANKBAARHEID**







Geagte Loffie-ouers

Baie welkom aan alle nuwe en ook bestaande Loffie-ouers. Ons glo dat u hierdie inligting baie behulpsaam sal vind. Die nuusbrief bestaan uit vier afdelings. "Nuwe-nuus", (nuwe inligting wat net vir een of twee keer op die nuusbrief sal verskyn) word in die eerste paar bladsye saamgevat.

**"Ou-nuus"**, (vir nuus en inligting wat herhaal). **"Gelukwensings"**, (vir verjaarsdae en prestasies) en laastens **"Advertensies"**, (vir besighede of persone wat iets wil adverteer). Vorige nuusbriewe is op ons webblad en D6-Communicator beskikbaar.

# Nuwe nuus

## 1. BELANGRIKE DATUMS VIR 2026

(DATUMS EN TYE KAN MOONTLIK VERANDER. OUERS SAL VROEGTYDIG INGELIG WORD.)

**<u>Kwartaal 2 2026</u>**

| | |
|---|---|
| **28 Mei 2026** | **- Koek/roomys verkope: Tienertoneel** |
| | |
| **29 Mei 2026** | **- Kaskar: Finale betalings** |
| **30 Mei 2026** | **- Sportdag teen Kuswag (Weg)** |
| | **- Primêre rugbyseisoen eindig. (Seuns)** |
| | |
| **3 Junie 2026** | **- Laaste vierkant vir die kwartaal 7:30.** |
| | **• Stoephardloop** |
| | **• Kaskar – Wenners.** |
| | **• Verrassing vir leerders wat R380 of meer inbetaal het.** |
| | |
| **4 Junie 2026** | **- Gr.4-12 EKSAMEN begin.** |
| **6 Junie 2026** | **- Kokkewiet se sportdag by Gelofte.** |
| **15 Junie 2026** | **- Skoolvakansiedag** |
| **16 Junie 2026** | **- VAKANSIEDAG: JEUGDAG** |
| | |
| **24 Junie 2026** | **- Gr.4-7 EKSAMEN eindig** |
| **25 Junie 2026** | **- Gr.8-12 EKSAMEN eindig. (Inhaal vraestelle afhandel)** |
| | **- Normale uitkomtye geld. Vraestelle word nagegaan en gekontroleer.** |
| **26 Junie 2026** | **- EKSAMEN (Inhaal vraestelle)** |
| | **- Skool sluit 10:00** |
| | **- Gr.1-3 Rapporte** |
| | **- Gr. 10 Vakveranderings sluit** |
| | |
| **27 - 30 Junie 2026** | **- Landsdiens (S): Provinsiale kamp** |
| **30 - 3 Julie 2026** | **- Landsdiens (P): Provinsiale kamp** |
| **13 - 17 Julie 2026** | **- Tienertoneel oefen** |
| | |
| **20 Julie 2026** | **- Skool se adminkantoor is oop van 09:00 tot 10:00 vir nuwe inskrywings.** |
| **21 Julie 2026** | **- Skool open vir kwartaal 3** |
| | **- Netheidskontrole: Gr.1-12** |
| | **- Geen sportoefening** |
| | **- Personeelvergadering: 14:15 – 16:00** |
| | |
| **21 Julie 2026** | **- Tienertoneel- aand: 18:00** |

**28 Julie 2026** **- Kore-aand: Uitsgestel**

**30 Julie 2026** **- Koek/roomys verkope: Gr.7**
**- Atletiek interhuis: Gr.8-12 begin 12:00**

**31 Julie 2026** **- Rapporte: Gr.4-12**
**- Atletiek interhuis: Gr.1-3**
**- Bloedskenk (S)**

- **Gelofte se kalender vir 2026 is op D6 en op die skool se webblad beskikbaar.**

**2. KASKAR 2026 – BAIE DANKIE**

Baie dankie aan almal vir hul bydrae tot die Kaskar-fondsinsamelingsprojek.

**Belangrike datums wat nog voorlê.**

- Die sluitingsdatum vir die inbetalings van die R380-00'e, asook die leerders wat die meeste inbetaal het, is 29 Mei 2026.
- Die top 10 leerders wat die meeste geld in die skool inbetaal het, sal op Woensdag 3 Junie 2026 aangekondig word.
- Leerders wat R380-00 of meer voor of op 29 Mei 2026 inbetaal, sal op 3 Junie 2026 ŉ verrassing ontvang.

**3. AKADEMIE EN EKSAMEN: GR.4 - 12**

Leerders moet asseblief onthou dat hierdie kwartaal ŉ eksamen-kwartaal is. Leerders moet fokus op hulle werk, die vakinhoud wat in die klasse verduidelik word en samewerking gee wanneer dit by akademiese aangeleenthede kom. Leerders moet ook so ver moontlik nie afwesig wees nie. Eksamen uittekenbriewe is op 20 Mei vir leerders gegee, asook die eksamen afbakenings wat op 21 Mei aan leerders gegee is.

Die eksamen vir die Gr.4-12 leerders begin op Donderdag 4 Junie 2026 en eindig op Woensdag, 24 Junie 2026 (Gr.4 - 7) en 25 Junie 2026 (Gr.8 - 12) . Vroeër eksamen-uitkomtye sal van toepassing wees. Uitkomtye sal op die uittekenbriewe gestuur word.

Meer inligting sal in die komende weke aan ouers gestuur word. Neem kennis van die eksamenreëls wat in die grade se inligtingboekies gegee word.

**4. KWARTAAL 2 SE SPORT KOM TOT 'N EINDE - VOORBEREIDING VIR KWARTAAL 3 SE SPORTAKTIWITEITE**

Baie dankie vir elke speler, ouer en afrigter se opoffering, ondersteuning en harde werk die afgelope kwartaal.

Na ŉ lang en besige kwartaal kom ons sport vir die kwartaal tot ŉ einde. Primêre sport maak hierdie week klaar. As gevolg van vasgestelde bepalings is daar sekere sekondêre sportspanne wat nog sal voorgaan met oefening en ongelukkig gedurende die eksamen ook moet speel. Hierdie spanne sal vroegtydig van die bepalings ingelig word.
Ons moedig leerders aan om gedurende die eksamen en die komende Julie vakansie te oefen vir kwartaal 3 se sportsoorte.

KWARTAAL 3 SPORT:

| Gr. 1 - 3 | Gr. 4 - 7 | Gr. 8 - 12 |
|---|---|---|
| Atletiek-interhuis | Atletiek | Atletiek |
| Gr.3 Atletiek saam met gr.4-7 | Hokkie (seuns en dogters) | Fast Five – Netbal (o.15 en o.18) |
| Mini-hokkie (seuns en dogters) | Skaak | 7's Rugby (o.15 en o.18) |
| Skaak | | Hokkie – Dogters |
| | Landloop moet nog bevestig word. | Skaak |

**5. BAIE GELUK: SPELERS WAT GEKIES IS VIR KZN SPANNE:**

LOFFIES PRESTEER 🤸 🏐
Baie geluk aan Anél van der Westhuizen, Amber Robbins en Mikhaela Marsden wat gekies is om KZN-netbal te verteenwoordig in hul verskeie ouderdomsgroepe.
Beide Anél en Mikhaela verteenwoordig vanjaar vir die vierde keer hul onderskeie KZN-spanne.

Baie geluk ook aan ons hoofseun, Janu Visser, wat verkies is tot die KZN o.18 (Tier 2) XV-span.

Ons is baie trots op hulle.

**6. TIENERTONEEL AAND: 21 JULIE**
Ons nooi alle ouers om, Dinsdag 21 Julie, die Tienertoneel aand by te woon. Dit sal 18:00 begin en sal teen 19:15 klaar wees. Die koste om die aand by te woon is R20-00 per persoon. (Geen bespreekte sitplekke nie.) Tydens hierdie geleentheid sal ons twee Tienertoneelgroepe vir ons ouers optree.

**KORE AAND:**
Die Kore aand is uitgestel en sal later plaasvind.

**7. GELOFTE GHOLFDAG**

Gelofte Gholfdag: Vrydag 21 Augustus 2026
Al die inligting is op die Google-vorm en aangehegte plakkate. Gebruik die volgende skakel om die vorm te voltooi.

[https://forms.gle/Z5xn45TNdqHHwkbZ9](https://forms.gle/Z5xn45TNdqHHwkbZ9)

**Gebruik net u foon se kamera om die QR-kode te skandeer en oop te maak.** →



**8. KULTUURWEEK / SERRIE / KONSERT**

As gevolg van die saal wat eers gedurende die Junie-/Julie-vakansie herstel kan word, is daar ongelukkig nie vanjaar beplanning gedoen vir ’n kultuurweek, konsert, revue of soortgelyke kultuurgeleentheid nie.

Ons sal egter daarna streef om wel ’n kultuuraand te reël waar leerders wat betrokke is by redenaars, koor, Con Spirito-deelname en ander kultuuraktiwiteite die geleentheid sal kry om hul talente aan ons ouergemeenskap ten toon te stel.

Meer inligting rakende so ’n geleentheid sal op ’n later stadium gekommunikeer word.

# Ou nuus

**1. SAKE VIR DIE HOOF SE AANDAG**

Ons wys u graag daarop dat u enige sake (positief of negatief) onder die hoof se aandag kan bring. Die hoof se direkte e-pos is skoolhoof@gelofte.co.za. Ons ondervinding is dat ouers dikwels ‘n ander perspektief van ‘n saak kry as hulle al die toepaslike inligting tot hul beskikking het. Vra dus gerus as u ongelukkig of onseker oor ‘n saak is.

**2. AFSPRAKE, AANMELDINGS EN RAPPORTERING VAN PROBLEME**

By Gelofte Skool glo ons dat hoe vroeër ŉ probleem aangemeld word, hoe vroeër ons ŉ probleem kan oplos. Ongelukkig gaan ons vir ouers moet vra om by die volgende aanmeldingstruktuur te hou om sodoende te verseker dat u saak die regte persoon sal bereik om aandag daaraan te gee. **Die probleem wat u aangemeld en wat u wil bepreek, moet eers per e-pos aan die nodige vak-, graad of departementshoof gestuur en volledig verduidelik word. (Moet asseblief nie probleme per Whatsapp aanmeld nie.)**
**Indien u ’n probleem onder die hoof se aandag wil bring, versoek ons dat u eers die nodige inligting per e-pos aan die hoof stuur. Die onderstaande proses sal gevolg word om vas te stel wie die saak verder sal hanteer.**

1. Aanmeldings begin by die graadvoog of vakhoof vir probleme in die klas of in ŉ graad.
2. Die departementshoof wat betrokke is by die fase, is daar vir meer ernstige probleme.
3. Die adjunkhoof sal, indien nodig, ondersoek instel wanneer die departementshoof en graadvoog die saak ondersoek het.
4. Ernstige voorvalle moet aangemeld word by die hoof. Voorvalle en insidente se inligting sal eers na die onderskeie departementshoofde gestuur word sodat die hoof ŉ geheelbeeld kan kry van die ondersoek wat reeds gedoen is.
5. Terugvoer na ouers sal per afspraak, telefonies, per e-pos of per brief geskied. Terugvoer sal eers kan gebeur as alle nodige betrokke partye ondervra of verslae voltooi is.
6. Alle afsprake met die hoof moet eers per e-pos vasgemaak word. Dit is baie moeilik om afsprake te neem as ouers net by die skool opdaag. Om teleurstelling te voorkom versoek ons dat ouers vroegtydig afsprake sal maak. (skoolhoof@gelofte.co.za)

Graadvoogde kan by die volgende e-pos adres gekontak word.

| | |
|---|---|
| Gr.1: Juf. Du Plessis | sduplessis@gelofte.co.za |
| Gr.2: Juf. Els | cels@gelofte.co.za (Asook personeelverteenwoordiger.) |
| Gr.3: Juf. Van Staden | mvanstaden@gelofte.co.za |
| Gr.4: Juf. De Vrye | mdevrye@gelofte.co.za |
| Gr.5: Juf. Venter | cventer@gelofte.co.za |
| Gr.6: Juf. Munro | amunro@gelofte.co.za |
| Gr.7: Juf. Bierbaum | abierbaum@gelofte.co.za |
| Gr.8: Juf. Steenekamp | lsteenekamp@gelofte.co.za |
| Gr.9: Juf. Orsmond | pallers@gelofte.co.za |
| Gr.10: Juf. Cronje | lcronje@gelofte.co.za |
| Gr.11: Juf. Maritz | mmaritz@gelofte.co.za |
| Gr.12: Juf. Roestorf | aroestorf@gelofte.co.za |

DEPARTEMENTSHOOFDE EN BESTUUR:

| | | |
|---|---|---|
| Gr.1-3: | Juf. Du Plessis | gsjp@gelofte.co.za |
| Gr.4-7 : | Juf. Grobbelaar | tgrobbelaar@gelofte.co.za |
| | Juf. Venter | cventer@gelofte.co.za |
| Gr.8-12: | Mnr. Janse van Rensburg | gsadjunk2@gelofte.co.za |
| | Juf. Hefer | chefer@gelofte.co.za |
| | Juf. Maritz | mmaritz@gelofte.co.za (Asook SAOU verteenwoordiger) |
| | Juf. Roestorf | aroestorf@gelofte.co.za |

**3. OUERINLIGTING EN KONTAK BESONDERHEDE**

Dit is die verantwoordelikheid van elke ouer om die skool op hoogte te hou van enige inligting wat verander. Inligting soos adres, kontaknommers en e-pos-adresse is baie belangrik en word deur die skool gebruik om ouers te kontak en inligting deur te stuur. Stuur asb. 'n e-pos aan gsadmin1@gelofte.co.za of gsadmin2@gelofte.co.za met al die nodige inligting wat verander het. Alle finansiële vrae of inligting kan na gsfinance1@gelofte.co.za gestuur word.

**4. OUERS SE E-POSADRESSE**

Daar is partykeer belangrike inligting wat ons met ouers moet deel, rekeninge wat aan ouers gestuur moet word of om ouers dringend in die hande te kry as u nie telefonies gekontak kan word nie. Ons versoek dus soos hierbo genoem, dat u persoonlike e-posadres op ons skool se administratiewe stelsel altyd korrek sal wees.

**5. OORPLASING VAN LEERDERS OF LEERDERS WAT DIE SKOOL VERLAAT**

Departementele riglyne vereis dat daar **skriftelik kennis gegee** moet word indien leerders hul huidige skool verlaat. Ons versoek dus dat u, indien u weet dat u gaan verhuis of u kind elders gaan skoolgaan, die kantoor skriftelik daarvan in kennis sal stel. Die administratiewe personeel kan ongelukkig nie 'n oorplasingskaart uitreik indien hul nie kennis daarvan dra dat u kind die skool gaan verlaat nie. Die oorplasingskaart kan ook nie gegee word indien enige skooleiendom (handboeke/mediaboeke) nie ingehandig is nie.

Kontak vir me. Edith van Dyk (ontvangskantoor) by 031 702 7201 of by gsadmin1@gelofte.co.za indien daar enige navrae is.

## 6. ADVERTENSIEBORDE OP DIE SKOOLTERREIN OF WEES ’n BORG

**ADVERTENSIEBORDE OP DIE SKOOLTERREIN!!!**

**BORG ’n SPAN**

**Kontak gsbemarking@gelofte.co.za**

**vir meer inligting.**



## 7. BEHEERLIGGAAM

| NAAM EN VAN | E-POS | PORTFOLIO |
|---|---|---|
| **DAGBESTUUR** | | |
| 1. Renier Botha | renier.b@raubex.com | Voorsitter |
| 2. Johan van Deventer | johanvd@labournet.com | Onder-Voorsitter en Dissiplinêre voorsitter |
| 3. Willem Booysen | whbooysen@gmail.com | Finansiële Voorsitter en Tegnologie |
| **KOMITEE VOORSITTERS** | | **PORTEFEULJES** |
| 4. Eugene Mengel | eugenemengel100@gmail.com | Buitemuurs, Terrein |
| 5. Marianet Breytenbach | Marianet.breytenbach@aon.co.za | Dissiplinêr, Buitemuurs |
| 6. Nico Erasmus | nico@abacus-automation.co.za | Terrein en Veiligheid, en Dissiplinêr |
| 7. Auret Conradie | auret.van@gmail.com | Bemarking, Projekte en Borge |
| | | |
| 8. Clive James | clive@linehaul.co.za | Bemarking, Projekte en Borge |
| | | |
| 9. M Martin | skoolhoof@gelofte.co.za | Opvoedkunde: Hoof |
| **OPVOEDERS** | | |
| 10. Madri Maritz | mmaritz@gelofte.co.za | Opvoeder |
| 11. Shandré Henn | shenn@gelofte.co.za | Opvoeder |
| 12. Peggy Allers | allersp1995@gmail.com | Opvoeder |
| 13. Daleen Coetzee | gsfinance2@gelofte.co.za | Nie-Opvoeder |
| 14. Hendrik Janse van Rensburg | gsadjunk2@gelofte.co.za | Gekoöpteerde Lid |

**8. SKOOLGELD 2026:**

GRAAD 1 - 12: Skoolgeld beloop R39 900 per leerder vir die jaar 2026.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Eerste paaiement | - | Januarie : (voor/op 31/01/2026) | R2 900-00/leerder |
| Vir die res van die jaar | - | 10 paaiemente : Februarie - November | R3 700-00 /leerder |

(Altesaam is daar 11 betalings wat gemaak moet word)

**AGTERSTALLIGE SKOOLGELDE:**
**Ouers moet asseblief so gou moontlik reëlings met die skool tref indien u agter raak met skoolgeld. Ouers wat agter raak met skoolgeld sal per telefoonoproep of per e-pos in kennis gestel word. Ons versoek dat ouers gereeld na hulle state sal kyk om die agterstallige saldo dop te hou. Indien ouers na 'n redelike tyd nog nie skoolgeld ingehaal het nie, sal ouers 'n finale aanmaning ontvang voordat hulle aan BENTLEY KREDIETBEHEER oorhandig sal word. Alle skoolgeld vir 2026 moet teen 30 November 2026 afgehandel en betaal wees.**

**9. KONTANTVRYE SONE**

Ons beklemtoon graag weer die volgende: Ons streef daarna om die skool 'n kontantvrye sone te maak en sodoende die versoeking by kriminele elemente te verwyder om die skool as 'n sagte teiken te beskou. Dit sal dus waardeer word indien u van elektroniese betaalmetodes gebruik sal maak. E-pos asseblief 'n bewys van betaling aan **gsfinance1@gelofte.co.za**.

**Die skool se bankbesonderhede is soos volg:**




*(GEE ASSEBLIEF **U KIND SE STUDENTENOMMER** AS VERWYSING EN OOK KORTLIKS WAARVOOR DIE BETALING IS.)*

**Neem asseblief kennis: Gelofte Skool beskik nou oor kaart fasiliteite.** *Ons moedig ouers nog steeds aan om eerder gebruik te maak van elektroniese betalings (EFT). EFT-betalings kan makliker en vinniger vanaf u huis gedoen word.*

***Karri:***
**Ouers moet ook onthou dat betalings vir meeste van ons fondsinsamelings, aktiwiteite en projekte deur die Karri-toepassing plaasvind. Dit vergemaklik betaling en verhoed dat leerder onnodig kontant skool toe bring.**

Mnr. M.S. Martin

**SKOOLHOOF**

# Gelukwensings

1. **PRESTASIES EN GELUKWENSINGS**
Volg ons gerus op Facebook by "Gelofte Skool Amptelike Blad" en op Instagram by "gelofteskoolamptelik". Deur foto's en prestasies op Facebook en Instagram te plaas, bereik ons baie meer ouers as deur die plaaslike koerant.

2. **VERJAARDAE - PERSONEEL**
Baie geluk aan die Loffie-personeel wat in Junie verjaar.
Ons vertrou dat hulle ŉ wonderlike dag sal hê en ons bid hulle baie seën toe vir die nuwe lewensjaar.

| **Junie** | |
|---|---|
| 3 Jun | Erika Strydom |
| 6 Jun | Morrice November |
| 8 Jun | Shandré Henn |
| | |




3. **VERJAARDAE - LEERDERS**
Veels geluk aan die Loffies wat in Mei verjaar.
Ons vertrou dat julle heerlik bederf sal word en bid julle baie seën toe vir die nuwe lewensjaar.






# ADVERTENSIES

**1. ADVERTENSIES IN LOFFIENUUS**

Indien u advertensies in die Loffienuus wil plaas, kan u me. Antonet Harmse kontak by gsadmin2@gelofte.co.za of by 031 702 7201. Koste beloop R100 per plasing.

**2. HAY-HOE BP-MOTORHAWE (6 Underwood Road, Hatton Estate)**

Hay-Hoe BP-motorhawe doen jaarliks moeite om die skool op verskeie maniere te ondersteun. Ons versoek dat u hulle gerus ondersteun wanneer u brandstof ingooi.

‘n Ondersteunerskaartjie is by die skool beskikbaar, en dit dien dan as u eie persoonlike nommer wat wys dat u by Gelofte Skool betrokke is en die skool ondersteun. Wanneer u brandstof ingooi, versoek ons dat u dan net die boek by die motorhawe voltooi. Gelofte Skool het sy eie boek waarvoor u net moet vra. ‘n Gedeelte van die bedrag word dan aan die skool geskenk.

Daar word ook maandeliks ŉ trekking gehou waarin u die kans staan om ŉ gelukspakkie (ter waarde van R200) of ‘n BP-winkel koopbewys (een van twee R100 bewyse) te wen. **Persone kan net in aanmerking vir pryse kom as die boek voltooi is en as daar meer as 600L altesaam in een maand in die boek aangeteken is.**

HAY-HOE BP-Motorhawe bied die volgende:

- Motor herstelwerk (Winskope op alle motor herstelwerk!)
- Verkoop nuwe bande, doen balansering, wielsporing en herstel lekplekke.
- Diesel is ook op Sondae teen afslag beskikbaar.
- Gooi R300 of meer brandstof in en kry ŉ gratis roomys.
- Pick n Pay Smart Shopper kaarte kan gebruik word.

bp
HAY HOE
SERVICE STATION